Rietvallei


Kampnuus

# Weaversroost

**SENIOR BURGER KAMP: 10 - 12 SEPTEMBER 2025**

**AMPTELIKE RIETVALLEI KAMP: 12 - 14 SEPTEMBER 2025**





*Riette Prinsloo van Weavers Roost se watertuin*

So was ons 'n klein groepie (almal seniors), wat die lente ingewy het met 'n heerlike kuier en rus. Ons was 5 woonwaens en 1 tent (10 Rietvalleiers).

Woensdag, 10de September, het Frans en Stefanie gearriveer en toe vind hulle drie waens wat alreeds van Sondag af gekuier het. Ons, Sieg- en Tjaart-hulle kon net nie wag tot Woensdag toe nie en glo my, die ekstra paar dae was dit werd.

Linda het Donderdagoggend met haar rooi vuurwa daar ingetrek en kort op haar hakke het Ann met haar wa by ons aangesluit en was ons voltallig. Nodeloos om te sê, nadat almal nes geskrop het, was dit net kuier, lag, eet en drink; behoorlik uitgehonger vir mekaar se geselskap.

Ongelukkig het sommige van ons al verkouerig by die kamp aangekom en stelselmatig het amper die helfte van ons genies en geproes. Daar was gelukkig genoeg medisyne om die olikheid onder beheer te bring. Sodoende het ons nie ander aktiwiteite, soos staproetes en swem, onderneem nie.

Laat middag het ons, gepantser met warm klere, musse en komberse, om die braaivleisvure bymekaar gekom en soos gewoonlik, het die tafels gekreun onder die bykosse so saam met die vleisies op die vuur. Vrydagaand was die pap en sous al van vroeg af aan die prut en het elkeen, soos gebruiklik, sy vleis of wors op die kole gegooi.

Daar was elke aand boekevat gehou. Klaus het besluit om die Onse Vader Gebed as tema vir die paar dae te gebruik, maar het dit nie met die groep gekommunikeer nie. So het ons Vader vir Tjaart gelei om die eerste aand juis oor die Onse Vader Gebed te praat!! Dit was vir ons wonderlik om so bewus te wees van die Heilige Gees se leiding. Sondagoggend het Frans vir ons voorgegaan met die tema Vriendskap en tien eienskappe wat elke vriend behoort te hê en ook dat vriendskap met mekaar en met Jesus 'n Bybelse aksie is.

Tjaart het die aansporingsplaatjies hanteer:
Kampkoördineerders is bedank en plaatjies oorhandig;
Frans en Stefanie ontvang hulle toekenning vir 200 Algemene kampe;
Ann word geluk gewens met haar 83ste verjaarsdag op 23 September en ontvang 'n lekker sjokolade.

Daarna is die versnaperinge en tee, koffie en iets dergeliks uitgepak en is vir oulaas oor en weer gekuier.

So het die lekkerte plek gemaak met plig en het elkeen begin oppak en het ons as goeie vriende mekaar voorspoed toegewens tot die volgende kamp.

Vriendelike Rietvallei groete.

*Klaus en Anet*

*Kampkoördineerders*




*Advertensie*



*Dankie, Anet en Klaus Lübbert, sê Tjaart Klaasen*



*Ann verjaar 23 September*



*Annatjie Maritz kuier saam met vriende.*



*Ann Stewart en Linda van Vuuren*



*Frans en Stefanie Scholts ontvang hulle*
*"200 Algemene Plaatjie van Tjaart.*



*Frans Scholtz gesels oor Rietvallei sake*
*(of werk hy dalk uit wat 200 kampe gekos het?)*



*Klaus voor sy agterdeur:*
*"Zu Hause"*

Die Oktober saamtrek is by Sionbergh.

Die inskrywings het reeds gesluit. Die saamtrek is vervroeg om saam te val met die Nasionale Vergadering, wat vanjaar virtueel aangebied word.

Rietvallei se volgende saamtrek (die laaste vir 2025) word by SanChaLen gehou van 21 tot 23 November.



*Marietjie Klaasen*
*ontspan by die Klaasen-wa*



*Kyk wat braai "Hulle" by 'n*
*Seniorsaamtrek!*




Skakel Dalena Marx
vir
Bioway goggagif
en
30 mikron swartsakke
by
082-415-0976

**Bioway:** 1l, 2l en 5l

**Swartsakke:** 50 of 100 sakke

**Skoonmaakmiddels:** 2l, 5l en 25l

*Advertensie*